**WOENSDAG 13 MEI**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 8:1-3; LUKAS 24:1-10**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 8:3**

**Gusa – Die nietige kruik met die kosbare skat**

Ons weet slegs drie dinge van Gusa. Hy was ’n hoë amptenaar van Herodus-Antipas. Hy is getroud met Johanna. Sy naam beteken “kruik”.

Sy werkgewer, Herodus Antipas, se lewe was vol boosheid. Johannes die Doper het hom streng oor owerspel aangespreek. Herodus se dronkmanbeloftes aan sy dogter het vir hom meer gewig gedra as die lewe van Johannes. Hy het egter die wonderlike voorreg gehad om Jesus te kon sien toe hy Hom op versoek van Pilatus moes verhoor. Hy het die kans van sy lewe verspeel en Jesus bespotlik gemaak. Hy het eerder van Pilatus ’n vriend gemaak as van die Here Jesus. Herodus se lewe het soos ’n kruik aan skerwe gespat toe hy deur die keiser na Frankryk verban is.

Gusa se vrou, Johanna, het haar kans om Jesus te ken en te dien, ten volle benut. Hoewel sy sekerlik ook haar huislike pligte as vrou van Gusa gehad het, het sy en baie ander vroue Jesus met hulle besittings gedien. Johanna was ’n dienende Martha, maar ook ’n luisterende Maria wat sy preke, naamlik die evangelie van die Koninkryk van God, kon hoor.

Terwyl Gusa vir Herodus gewerk het, het hy sy vrou die geleentheid gegun om in ’n ander koninkryk, waar dié Koning vir Hom ’n ewige koninkryk vestig en Hyself die ewige Koning is, te werk. Johanna kon dit hoor en ook sigbaar beleef. Op die Paassondag kon sy saam met ander vroue sien en getuig dat Jesus se graf leeg was. Hy het die dood oorwin.

Deur sy vrou het Gusa in sy huis en huwelik ’n kosbare skat gehad, naamlik die evangelie van God se Koninkryk. In dié Koninkryk slaan die Here nietige erdekruike nie stukkend nie, maar gee nuwe en ewige waarde daaraan.

Wie hierdie Jesus Christus as genadegawe van God gelowig vasgryp, besit as nietige kruik ’n kosbare skat. In ’n vyandige wêreld waarin ons dikwels genoodsaak is om vir ongelowiges te werk, word jy as nietige kruik deur die voorbeeld van Gusa opgeroep om getrou te bly aan dié kosbare skat, wat mot en roes nie bykom nie en wat diewe nie kan steel nie.

*Sing: Psalm 116:1, 5 (1936)*
*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)*